NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

BRONMATERIAALBOEKIE
VIR AFDELING B EN AFDELING C

IEB Copyright © 2024

BLAAI ASSEBLIEF OM

BRON A **Hierdie is 'n uittreksel wat in 2005 deur 'n historikus genaamd Guy Arnold geskryf is. Dit gee 'n uiteensetting van enkele kwessies waarmee die Kongo ná onafhanklikheid te doen gekry het.**

Die moord op Patrice Lumumba in Januarie 1961 was die einde van die eerste fase van die Kongo-krisis. Die tweede fase duur totdat Mobutu die mag in sy staatsgreep van November 1965 oorneem. Min gebeure in Afrika gedurende die 1960's is 'n beter illustrasie van die Westerse moondhede se skynheiligheid* of hul vasberadenheid om die nuwe onafhanklike lande van Afrika deur enige middel tot hul beskikking te beheer. **(Paragraaf 1)**

Hulle het die Verenigde Nasies manipuleer, hulle het die ontplooiing van huursoldate gefasiliteer, hulle het deur groot myngroepe soos *Union Minière Du Haut Katanga* gewerk ... wat hulle beheer het. Deur dreigemente, omkoopgeld en openlike politieke druk het hulle seker gemaak dat 'n marionet-bewind wat van hulle afhanklik was, eerder as enige ten volle onafhanklike politieke leierskap, aan bewind sou kom in die mineraalryke Kongo. **(Paragraaf 2)**

Die Koue Oorlog was een verskoning vir hierdie optrede – om die verspreiding van Sowjet– of Kommunistiese invloed in die streek te voorkom; hebsug was 'n ander – die Kongo was te ryk om toegelaat te word om Westerse korporatiewe beheer te ontkom en 'n bitter wrok van die Belge oor die verlies van beheer oor hul koloniale ryk in Afrika was die derde. Die eindresultaat was om die Kongo aan meer as 30 jaar se diktatuur onder Mobutu Sese Seko (soos hy bekend geword het) te onderwerp* wat staatskleptokrasie* mode sou maak … **(Paragraaf 3)**


… die Eerste Minister van Indië, mnr Nehru, het die … Verenigde Nasies gekritiseer … Hy het gehoop dat die Verenigde Nasies 'n positiewer rol sou speel deur sy troepe en mag te gebruik om die Kongo-parlement in staat te stel om te vergader … Dit was volgens hom die voor-die-hand-liggende stap, maar is deur kolonel Mobutu verhinder… **(Paragraaf 4)**

[Aangepas van: Guy Arnold: *Africa A Modern History.* Gepubliseer deur Atlantic Boeke. 2005. Bladsy 77–78]

*skynheiligheid – die praktyk om te beweer dat hulle hoër standaarde of meer edele oortuigings het as wat die geval is
*onderwerp – oorhandig, oorlewer
*kleptokrasie – 'n samelewing of stelsel wat deur korrupte mense regeer word wat hul mag gebruik om hul land se hulpbronne te steel

IEB Copyright © 2024

BRON B **Hierdie is 'n foto geneem deur Horst Faas wat in 1955 op die ouderdom van 22 by die A.P. aangesluit het. Hy het sy roemryke fotojoernalistieke loopbaan begin deur die Kongo-krisis in 1960 te dek. Hier is hy op die ideale plek om die laaste foto van Patrice Lumumba te neem.**



[Beskikbaar AANLYN: <https://iconicphotos.wordpress.com/2010/03/07/patrice-lumumba/> (Verkry 24 Januarie 2024)]

IEB Copyright © 2024

BRON C **Hierdie uittreksel is aangepas uit dokumente uit die Amerikaanse argiewe. Dis spesifiek saamgestel vir 'n internasionale konferensie oor die Kongo-krisis in 2004 deur *The Cold War International History Project* by die Woodrow Wilson-sentrum en is deur Lise Namikas en Sergey Mazov geredigeer. Dit beskryf Lumumba se interaksie met die Verenigde Nasies.**

… Dit is belangrik om te daarop te let dat die VN, wat tot dusver geweier het om in te gryp, ingegryp het om die situasie op te skort nadat Kasavubu Lumumba afgedank het, maar voordat Lumumba Kasavubu suksesvol teengestaan het. Deur die beheer van die Leopoldville-lughawe oor te neem, het die VN Lumumba verhinder om sy lojaalste magte Leopoldville te laat binnekom vanaf … Stanleyville en van die Kasai-provinsie … Omdat hy die bekwaamste oproermaker* was, het die weiering van toegang tot die nasionale radionetwerk hom ook ondraaglik belemmer. … Lumumba … het bevestiging gekry dat die VN, wat geweier het om sy regering militêr by te staan, hom nou militêr teenstaan …

[Leestekste vir 'n internasionale konferensie oor die Kongo-krisis in 2004, saamgestel deur The Cold War International History Project deur die Woodrow Wilson-sentrum. Geredigeer deur Lise Namikas en Sergey Mazov. Bladsy 80. Beskikbaar AANLYN: <https://www.wilsoncenter.org/publication/the-congo-crisis-1960-1961> (Verkry 28 Januarie 2024)

*oproermaker – 'n persoon wat poog om 'n skare op te stook of aan te hits, hoofsaaklik vir politieke of sosiale doeleindes

IEB Copyright © 2024

BRON D Hierdie is 'n uittreksel wat deur die historikus Guy Arnold in 2005 geskryf is, en wat die burgeroorlog in die Kongo beskryf.

… Tshombe … het 'n mag Europese huursoldate saamgestel om die rebelle in die ooste te beveg … Die rebellie in die ooste [van die Kongo]* het tot in 1965 voortgeduur … Teen Maart 1965 was die Nasionale Weermag van die Kongo met sy huursoldaatleiers besig om die oorlog te wen. 'n Grootskaalse slagting het plaasgevind toe die weermag die bevolking geterroriseer het terwyl hulle op die huursoldate staatgemaak het om militêre optredes te lei. Teen Julie het dit duidelik geword dat die rebellie tot 'n einde kom. Die huursoldate was verantwoordelik vir 'n groeiende lys wreedhede en het die gevangenes gruwelik gemartel voordat hulle doodgemaak is ...

[Aangepas van: Guy Arnold: *Africa A Modern History.* Gepubliseer deur Atlantic Boeke. 2005. Bladsy 85–88]

*deur die CNL (*Confédération des Nationalistes Lumumbistes*) – 'n politieke party wat gevorm is deur volgelinge en ondersteuners van Patrice Lumumba nadat hy in 1961 vermoor is en sy politieke nalatenskap en visie vir die Kongo voortgesit is. Die CNL het 'n rol gespeel in die weerstand teen die regering wat Lumumba omvergewerp het.

IEB Copyright © 2024

BRON E **Die volgende spotprent is geteken deur Fritz Behrendt, 'n Duits-Nederlandse politieke spotprenttekenaar. [Hy het sy werk in Nederlandse koerante soos die *Algemeen Handelsblad* gepubliseer, maar ook buite Holland]. Die spotprent toon Nikita Khrushchev en Mao Tse Tung. Hulle bied hul dienste aan die Kongo se leiers aan.**



[Beskikbaar AANLYN: <https://www.alamy.com/stock-photo-cartoon-published-in-the-new-york-times-khrushchev-and-mao-offer-their-113150029.html> (Verkry 26 Januarie 2024)]

IEB Copyright © 2024

BRON F **Die volgende uittreksel, in 2018 deur 'n historikus, Paul Kenyon, geskryf, beklemtoon aspekte van die rol wat plaaslike rolspelers sedert 1960 in die Kongo-krisis gespeel het.**

… Mobutu het sy opsies oorweeg: om lojaal te bly aan sy vriend en ondersteuner, die man wat saam met president Kasavubu geroei het, selfs nou terwyl die land in vlamme opgegaan het, of om namens die VSA op te tree, wat Lumumba uit die weg wou ruim. **(Paragraaf 1)**

Op die aand van 5 September 1960 was president Kasavubu op pad na die nasionale radiostasie in Leopoldville. Net ná 20:00 het luisteraars gehoor hoe hy in sy hoë, onseker stem verduidelik dat hy die Eerste Minister se bewind beëindig het. Asof dit nie erg genoeg was nie, het hulle 'n uur later die stem van Patrice Lumumba gehoor wat aankondig dat hy president Kasavubu afgedank* het. **(Paragraaf 2)**

Op daardie kritieke oomblik te midde van 'n militêre, etniese en ekonomiese krisis, toe 'n verenigde en vasberade posisie gebiedend noodsaaklik* was, het die twee verkose leiers persoonlike politiek bo nasionale belange gestel … nou was dit sy beurt om 'n aankondiging te maak. Die weermag sou tot die einde van die jaar beheer van die Kongo neem … Mobutu, … was effektief die nuwe leier van hierdie uitgestrekte jong Republiek … later sou Mobutu president Kasavubu toelaat om na sy amp terug te keer, maar slegs onder sý rentmeesterskap*, sonder enige werklike mag. Intussen was daar die ongemaklike vraag wat om met Lumumba te doen … Mobutu moes permanent van hom ontslae raak … **(Paragraaf 3)**

[Aangepas van: *Dictatorland: The Men Who Stole Africa*. Paul Kenyon. Head of Zeus Uitgewers. 2018. Bladsy 24–25]

*afgedank – ontslaan
*gebiedend noodsaaklik – van die uiterste belang
*rentmeesterskap – toesig, leiding

IEB Copyright © 2024

BRON G **Hierdie uittreksel is op 12 September 2021 deur Rachele Momi geskryf. Rachele Momi is 'n gegradueerde in intelligensie- en sekuriteitstudies aan die Brunel Universiteit en in Midde-Oosterse-politiek aan die Skool vir Oosterse en Afrika-studies (Universiteit van Londen).**

… Moskou … het sy strategiese en ekonomiese belange in Afrika gehad … een van die hoofdoelwitte van Tsjeggo-Slowakye was om betrekkinge met lande buite Europa te ontwikkel … Tsjeggo-Slowakye was die enigste kommunistiese land wat sedert 1948 diplomatieke verteenwoordiging in die Kongo gehad het. Sy wens, soos dié van die USSR, was om kommunisme op die Afrika-kontinent uit te brei. Dit het ook ekonomiese belange in die land gehad. Die Kongo was ryk aan natuurlike hulpbronne soos diamante, uraan en koper. **(Paragraaf 1)**

In 1960 het die KGB en die Tsjeggo-Slowaakse Staatsveiligheid (StB) hul eerste gesamentlike operasie in die Kongo begin. Selfs voor die Kongo se onafhanklikheid was Tsjeggo-Slowakye reeds in die land teenwoordig. Dit het die proses van samewerking en infiltrasie van die Sowjetunie behels. Moskou se aandag op die Kongo-krisis is in 1960 gevestig … Die rol van KGB-beamptes was om inligting oor Kongolese politici en Westerse planne vir die land te bekom. Die StB se rol was om informante te werf, hul personeel in Westerse instellings te infiltreer en Westerse moondhede in die Kongo te diskrediteer. **(Paragraaf 2)**

Die verhouding tussen China en die Kongo het in 1960 gerealiseer toe die Chinese Kommunistiese Party ekonomiese steun aan die Kongo beloof het. China se steun is hoofsaaklik aangevuur deur die drang na uitbreiding op die Afrika-kontinent en die stryd teen Amerikaanse imperialisme en kapitalisme … **(Paragraaf 3)**

Die Kubaanse regering … het besluit om by die stryd aan te sluit … Che Guevara, 'n lid van die Kubaanse leierskap, … het China besoek om meer steun vir sy saak in die Kongo te werf. Sy doel was om die Kubaanse Rewolusie se invloed uit te brei en die lande te verdedig wat deur Westerse ingryping geraak is … Che Guevara arriveer met 'n kleiner … leërafdeling* wat uit 150 guerrilla-vegters bestaan. Kuba was goed voorberei vir die stryd, ... China en Kuba het gevoel dat kommunisme deur Westerse lande en kapitalisme bedreig word … **(Paragraaf 4)**

[Aangepas en beskikbaar AANLYN: <https://greydynamics.com/the-congo-crisis-and-foreign-intervention/> (Verkry op 26 Januarie 2024)]

*leërafdeling – 'n groep soldate

BRON H **Die volgende uittreksel gee insig in Patrice Lumumba se rol in die Kongo-krisis.**

… Lumumba wou meer hê. In 'n toenemende plofbare* luim het hy daarop aangedring dat VN-magte gebruik word om Belgiese troepe te verdryf. Nadat hy hom op 16 Julie in Leopoldville ontmoet het, het Ralph Bunche, hoof van die VN-operasie in die Kongo, … berig dat "Lumumba mal was en soos 'n kind opgetree het". Die volgende dag het Lumumba 'n ultimatum gestel en gedreig dat as die VN nie alle Belgiese troepe teen middernag op 19 Julie uit die Kongo onttrek nie, hy die Sowjetunie sou nooi om in te gryp. In 'n tyd toe wedywering in die Koue Oorlog op een van sy hoogtepunte was, het Lumumba se dreigemente die Verenigde State siedend* gemaak en die Kongo in die middel van 'n Koue Oorlog-konfrontasie geplaas ...

[Aangepas van: *The State of Africa:* Martin Meredith. Jonathan Ball Publishers.2006. Bladsy 104]

*plofbare – sal waarskynlik gevaarlik of gewelddadig word
*siedend – om baie kwaad of woedend oor iets te wees

IEB Copyright © 2024